Die pad na Pietermaritzburg

—deur Peter Hammond

Pietermaritzburg is vernoem na die twee groot Voortrekkerleiers, Piet Retief en Gerrit Maritz wat Natal gevestig het. Nadat hulle oor die Drakensberge getrek het, het die Boeresetlaars hierdie plek, by die Msunduzirivier, as die ligging vir hulle hoofstad gekies. Reeds in 1838 is die beplanning vir 'n netjiese uitleg van strate en lanings gedoen.

Die Boere Republiek van Natalia was egter van korte duur omdat dit binne vyf jaar na die vestiging van Pietermaritzburg onder Britse beheer gekom het. Die meeste van die Boere het weer terug, oor die Drakensberge, getrek om hulle hierdie keer in die Oranje-Vrystaat en die Transvaal te vestig.

Die Britte het Pietermaritzburg volgens Victoriaanse argitektuur uitgebou en dit as die Provinsie van Natal se hoofstad tot stand gebring. Vandag is Pietermaritzburg die hoofstad van KwaZulu-Natal.

Reeds in 1838 is die beplanning vir 'n netjiese uitleg van strate en lanings gedoen.



Gerrit Maritz

Gerrit Maritz was 'n wamaker in Graaff Reinet. Hy is in 1797 gebore en op die ouderdom van 41, op 23 September 1838, naby hedendaagse Eskort oorlede. Hy en sy vrou, Angenitha Maria Olivier, het ses kinders grootgemaak – vier seuns en twee dogters. Gerrit Maritz is beskryf as 'n vlytige, hardwerkende en dinamiese man.

Ten spyte daarvan dat hy 'n suksesvolle sakeman in Graaff Reinet was, asook die waarnemende veldkornet in die Graaff Reinet-distrik, het hy sy gemaklike lewe en florerende besigheid laat vaar om na 'n nuwe land te gaan soek waar die Boere, vry van Britse beheer, weer onafhanklik kon wees.

Die Provinsiale Wetgewende gebou

Afrikaner-byeenkoms

Standbeeld van Ghandi op die stadsplein

Natalse Karabiniers (Bereide Soldate)

Natalse Karabiniers (Bereide Soldate)

Die Stadsaal van Pietermaritzburg

Gerrit Maritz se blou geverfde waens was toegerus met tente wat platter en meer reghoekig as die gewone ronde kakebeenwaens was. Gerrit Maritz se trek het ook twee kanonne en 'n groot biblioteek bevat wat ook boekdele oor die regte ingesluit het.

Hy was 'n man wat vooruit gedink het en noukeurig, netjies en voorbereid was. Hy het daarna uitgesien om 'n behoorlike administrasie in die woesteny daar te stel. So sorgvuldig was Gerrit Maritz met sy aantekening dat hy boekgehou het van al die geboortes, huwelike en sterftes tydens die Trek.

Voorsorg

Hy het na die waarskuwings van die sendelinge geluister en het Dingaan nie vertrou nie. Hy het Piet Retief afgeraai om weer na Umgungundlovu terug te keer en het sy eie trekgeselskap versigtigheidshalwe laer laat trek as beskermende voorsorgmaatreël. As gevolg hiervan het die meeste van Gerrit Maritz se geselskap die slagting van 17 Februarie 1838, op die oewers van die Bloukransrivier oorleef, terwyl Piet Retief sy geselskap verspreid gelaat het en hulle dus baie kwesbaar was. Gedurende die nagtelike slagtings het Gerrit Maritz en Sarel Cilliers stormaanvalle gelei om vlugtende Trekkers te red. Gerrit Maritz het die massabegrafnis van die gesneuwelde Trekkers georganiseer op die plek waar 'n dorp met die naam van Weenen later gestig sou word.

Gerrit Maritz het na die waarskuwings van sendelinge geluister en Dingaan nie vertrou nie. Hy was 'n man wat vooruit gedink het en voorbereid was.

Dit was Gerrit Maritz wat die Zoeloe-impi's later die aftog laat blaas en die treurende oorlewendes vertroos het.

Dit was ook hy wat die oorblywende manne aangemoedig het om die beskansde laers (Sooilaer) op die oewers van die Klein Tugelarivier op te rig. 'n Monument ter ere aan Gerrit Maritz is in 1897 by Sooilaer »

Een van die konferensiegeriewe

Die pad na Pietermaritzburg

Die Poskantoor

Anglikaanse Kerk

Die Polisiekantoor

opgerig. Daar is ook 'n monument vir Gerrit Maritz buite die Geloftekerk in Pietermaritzburg opgerig.

Piet Retief

Piet Retief is op 12 November 1780 in Wellington gebore. Sy familie was van Franse Hugenote afkoms. Tydens die Groot Trek was Piet Retief 'n ryk grondeienaar naby Grahamstad. Hy het egter finansieel agteruitgegaan as gevolg van die herhaalde veediefstal deur die Xhosas. Piet Retief was die skrywer van die Voortrekkermanifes wat in die 'Grahamstown Journal' van 2 Februarie 1837 gepubliseer is. As 'n woordvoerder vir die Voortrekkerbeweging het hy 'n lys van die plaasboere se griewe teen die Britse administrasie gemaak.

In April 1837, het Piet Retief se groep Trekkers by Thaba Nchu aangekom waar 'n paar duisend Voortrekkers reeds 'n voorlopige regering verkies het. Om die konflik tussen die twee erkende leiers, Gerrit Maritz en Andries Potgieter op te los, is Piet Retief as goewerneur verkies. Dit was Piet Retief se vaste oortuiging om hulle in Natal, anderkant die Drakensberge te gaan vestig.

Misplaaste vertroue

Nieteenstaande die waarskuwings van sendelinge, handelaars en transportryers, het Piet Retief baie vertroue in die Zoeloekoning, Dingaan, gehad. As 'n mens in ag neem dat Dingaan aan bewind gekom het deur sy eie broer, Shaka te vermoor en dat hy die meeste van sy eie familielede vermoor het, is hierdie misplaaste vertroue onverklaarbaar.

Dit was Piet Retief se vaste oortuiging om hulle in Natal, anderkant die Drakensberge te gaan vestig.

Alhoewel Piet Retief en sy geselskap aan al Dingaan se versoeke voldoen het en al het Dingaan sy plegtige woord in die ondertekende verdrag (waarin die gebied tussen die Tugela- en die Umzimvuburiviere aan die Boere toegestaan word) gegee, is die Trekkergeselskap verraderlik vermoor deur Dingaan wat hulle oortuig het om hulle wapens buite die kraal te laat.

Kommandant Andries Pretorius het die oorskot van Piet Retief, sy seun en 'n 100 volgelinge op die heuwel van KwaMatiwane, wat digby Umgungundlovu (die hoofstad van die Zoeloekoning) is, gevind. Daar is vandag 'n monument op die begraafplaas.

Op die heuwel wat oor Umgungundlovu en KwaMatiwane uitkyk, het die Nederduits Gereformeerde Kerk 'n pragtige kerk, skool, kliniek en veeldoelige sendingstasie gebou as die beliggaming van die Bybelse opdrag om hulle vyande lief te hê en vir hulle naaste om te gee. In oor die eeu en 'n half sedert die oorspronklike Geloftedag, het miljoene Zoeloes tot bekering gekom en is Zoeloeland met 'n herlewing geseën. ■

DR. PETER HAMMOND *is die outeur van The Greatest Century of Reformation. Skakel 021 689 4480 of* mission@frontline.org.za *of besoek* www.ReformationSA.org